

Saterdag 19 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:9-11

Fokusgedeelte: Jakobus 1:9-11

In armoede en rykdom moet ons ons in God verheug!

Tussen sy onderrig oor beproewings (1:2) en versoekings (1:12), praat Jakobus met armes en rykes. Enige beproewing kan deur 'n mens se sondige begeertes in die verskriklikste versoeking ontaard.

Om as gelowige arm te wees, is 'n baie pynlike ervaring. En in daardie pynlike ervaring kan die versoeking tot jaloesie, moedeloosheid, neerslagtigheid en opstandigheid geweldig groot wees – tensy jy die wysheid van God ontvang om jou armoede in verband met Hom te bring. Dit is deur sy hand dat jy arm is en Hy het sy heilige doel daarmee. Tog kan jy, ondanks jou armoede, ook blymoedig wees – want jy het groot aansien by God. Dit beteken nie dat armes voorkeurbehandeling by God ontvang nie. Dit beteken wel dat hulle op sy besondere sorg in hulle hele lewe kan reken. En dit maak jou skatryk!

Om as gelowige ryk te wees, kan ook 'n pynlike ervaring wees. Rykdom kan jou maklik van jou medemens isoleer en jou bitter eensaam en alleen laat. Dan is dit net jy en jou besittings. Terselfdertyd is daar altyd die groot versoeking tot hoogmoed. Om wel mense rondom jou te kan hê ... op wie jy neersien. Wat 'n vreugde is dit nie om dan die genade te ontvang om te weet dat ook jou rykdom uit God se hand kom, en dat Hy ook met rykdom 'n heilige doel het.

Dit is vreugde om te midde van al jou materiële seënige dankbaar-nederig en gering voor God, wat elke goeie gawe en volmaakte geskenk gee, te kan lewe en jou naaste met sy gawes te dien. Om te midde van al jou materiële seënige steeds jou vertrou op God alleen te stel, omdat jy weet: 'n ryk mens sonder God vergaan net soos al sy besittings. Maar 'n ryk mens wat op God alleen vertrou, het 'n toekoms!

Sing: Psalm 112-2:1, 2, 3

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)